**Split.**

Debbie Loots. Kaapstad: Queillerie, 2015. 349 pp. ISBN: 978-0-7958-0098-6.
EPUB: 978-0-7958-0099-3.
MOBI: 978-0-7958-0100-6.
DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.27

Debbie Loots se debuutroman *Split* is onder leiding van Etienne van Heerden as deel van haar meestersgraad in skeppende skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad voltooi. *Split*, soos die romantitel reeds suggereer, skets die verhaal van die Barnards, 'n middelklasgesin wat gedurende die 1970's en 1980's as familie, maar ook uiteindelik individueel verbrokkel, met die immergewilde tema van die mens se behoefte om oor te begin en ophou foute te maak wat as goue draad deur die roman gespan word.

Kort nadat Vera op Randfontein gematrikuleer het, trou sy met Willem wat haar wegneem na Pietersburg. Saam het hulle drie kinders, Ben, Dawid en Lien. Willem is pure rokjagter, en Vera knoop ook 'n verhouding met hulle buurman aan. Vera ontdek haar eie seksualiteit wat lei tot haar huwelik met Willem wat verbrokkel. Vera en die kinders trek terug na Vera se ma op Randfontein, en Willem trou met Poppie. Vera trou met Hendrik, haar skoolvriend, en saam trek die hele gesin af Durban toe, net om kort voor lank weer terug Randfontein toe te trek. Vera se dogter, Lien, het die begeerte om weg te breek van hierdie ontwrigtende omstandighede, en ná skool trek sy met die hulp van 'n kunsbeurs Brixton toe en gaan woon by haar lesbiese tannie Brenda. Lien kom egter vinnig agter dat dit nie altyd so maklik is om hierdie bose kringloop te verbeek en 'n nuwe lewe te begin nie.

*Split* voldoen aan vele kenmerke van die *bildungsroman*, oftewel Afrikaanse grootwordletterkunde, waarvan die oortuigende herskepping van 'n era uit die Afrikaner se geskiedenis, asook die verlies van onskuld waarskynlik die prominentste is. Tog behoort hierdie roman nie eksklusief tot hierdie literêre genre nie. Grootwordletterkunde word juis gekenmerk deur die naïewe, onskuldige eerstepersoonsvertelling wat geheel vanuit die perspektief van die kinderkarakter geskied, maar hier word die perspektief deurgaans afgewissel tussen dié van Vera, Willem, Hendrik én Lien deur middel van 'n alomteenwoordige verteller—'n geslaagde tegniek om die kompleksiteit van die verbrokkeling van hierdie karakters se lewens aan te dui. Lien is die spilkarakter waarom die hele verhaal draai, en alhoewel die leser haar as sewejarige dogter ontmoet en haar verlies van onskuld en ontnugtering tot volwassene aan die einde van die roman volg, is dit ook die verbrokkeling van haar geliefdes se lewens wat ewe sterk op die voorgrond tree.

Die eerlikheid en egtheid waarmee hierdie debuutroman geskryf is, laat mens vermoed dat daar sterk outobiografiese elemente teenwoordig is, soos die geval in talle debutante (veral vroue?) se prosawerk. Dink byvoorbeeld aan Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* (1992) en Dominique Botha se *Valsrivier* (2013)—net om 'n paar van die bekendstes te noem. Aan die einde van die roman bedank Loots haar geliefdes dat sy al die plekke

en dorpe waar hulle gebly het kon gebruik om egtheid aan die denkbeeldige karakters se lewens te verleen. Alhoewel die leser dus wonder presies hoeveel daar van Loots se eie verlede in *Split* te lees is, is dit verblydend (en prysenswaardig) dat die vertelling nooit in enige nostalgie of sentimentaliteit verval nie. Die aanhaling deur Peter de Vries wat as motto voor in die roman gebruik word: "Nostalgie is nie meer wat dit was nie"—is sprekend van wat die leser van *Split* kan verwag.

Hierdie eerlike debuutroman wat die storie van 'n byna ontredderde huisgesin vertel, het my aanvanklik aan Odette Schoeman se debuutroman *Swartskaap* (2009) laat dink. Die agterplaat van *Split* lees soos volg: "Dis die jare sewentig aan die Rand. Die Barnard-gesin trek gedurig rond; van die Hoëveld tot die Laeveld; see toe en terug; tussen Johannesburg se Triomf en Brixton—enige plek waar 'n mens oor kan begin", wat herinner aan die agterplat van *Swartskaap*: "Dis die eighties: die era van Gé Korsten en Bles Bridges, van Joey Haarhoff en Gert van Rooyen. Die Valley: Benoni, Boksburg, Vaaloewer en Vereeniging, en die anderkant (sic) van die railway tracks." Beide romans slaag daarin om 'n oortuigende herskepping van hierdie eras te gee, en behalwe dat die karakters in beide romans ontwrigting deurgaan deur die rondtrek van die een dorp na die ander, bied beide romans ook 'n blik op die invloed wat volwassenes op kinders het, met die kinders wat uiteindelik probeer om uit hierdie bose sirkel weg te breek. Al is dit duidelik dat Loots 'n sterker skrywerstem as Schoeman het, en waarskynlik ook daarin sal slaag om wel haar debuutroman op te volg, is *Split* egter nie so ontroerend soos *Swartskaap* nie.

Op die voorblad van die roman prys Marita van der Vyver Loots soos volg: "'n vars nuwe stem om oor opgewonde te raak", en op die agterplat sluit Anchien Troskie hierby aan: "Lekker gebeurtenisryk, met karakters wat in jou hart kruip." Die akkolade deur Van der Vyver is gepas, aangesien Loots se skryfstyl herinner aan dié van Van der Vyver, spesifiek die vermoë om veral vrouekarakters te skep wat in die leser se hart inkruip. Joan Hambidge het reeds opgemerk dat Loots in haar debuutroman, net soos Van der Vyver in haar 1992-debuutroman, ook aandag gee aan die seksuele ontwaking van die vrou, soos veral gesien kan word in die verbode leesstof wat vir Vera 'n nuwe wêreld oopmaak. Hierdie is maar een manier hoe Loots haar vrouekarakters, net soos Van der Vyver, volwaardig laat ontwikkel tot herkenbare karakters waarmee veral vrouelesers sal kan identifiseer.

Die verhaalgebeure wat Loots in haar debuutroman skets, is nie noodwendig stories wat nuwe toevoegings tot die Afrikaanse letterkunde is nie, met hierdie bekende tema wat dus nie verruim word nie. Loots slaag egter wel daarin om die verskeie en komplekse wyses waarop mense, verhoudings, drome, en uiteindelik ook die lewe self kan "split" uit te beeld, wat ondersteun word deur elke hoofstuk wat begin met 'n woordaanhaling sinoniem met "split", gevolg deur 'n etimologiese definisie van die woord wat as 't ware die tema vir die hoofstuk inlei.

*Split* is nie een van die opwindend-

ste of sterkste debuutwerke van 2015 (of die afgelope paar jaar) nie, maar dit is ’n bevestiging van Loots se talent as storieverteller—’n roman wat daarin slaag om onderhoudende leesstof aan ’n wye lesersgehoor te verskaf.

**Geraadpleegde bron**


Hambidge, Joan. ’n Nota by Debbie Loots se ‘Split’ (2015). *Woorde wat weeg*, 27 Sept. 2015. 1 Mei 2016. <http://joanhambidge.blogspot.co.za/2015/09/n-nota-by-debbie-loots-se-split-2015.html>.



*Frederick J. Botha*
bothafrederick@gmail.com
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom